# KOMMUNIKAMMA 13 APRIL 2025

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 13 APRIL**

**Groot Lydensweek**
**09:00 GESAMENTLIKE PAASSANGDIENS, KLEUTERKERK EN KATEGESE VIR GRAAD 1 - 3**
**10:00 KATEGESE (GRAAD 4 – 10)**
**Tema: Die Here is…**

Die Gr 1-3 klasse doen 'n uitreik op Sondag 13 April, 12:00 - 14:00 by Protea Place of Safety, BLACKTHORN STR, Forest Hill!! Ronella en Rufus die Beer 🐻 gaan met ons die Paas-verhaal kom deel en lekker liedjies sing!!!! Kom geniet n Paaseier saam met ons en deel in die Vreugde dat Jesus vir ons opgestaan het! Indien jy wil bywoon of bydra, kontak gerus vir Yolandi vd Merwe (084 705 2714)

**18:00 LEEF@KERK (vir Hoërskool leerders)**

**GROOT LYDENSWEEK**
**Groot Lydensweek stasies.** (Maandag 14 April – Donderdag 17 April)
Ons nooi almal uit om die Lydenstyd-stasies in die kerkgebou en saal te besoek.
Die stasies sal van 08:00-12:00 en 17:00-19:00 oop wees.

Daar sal ook van Maandag tot Woensdag van 10:00 – 11:00 'n gewyde orrel uitvoering in die kerkgebou wees, om 'n atmosfeer van stilte en refleksie te skep. Kom vind rus en word stil tydens die Groot Lydensweek.
A.g.v. hierdie inisiatief, sal daar nie van Maandag tot Woensdag aanlyn boodskappe uitgestuur word nie.

- Donderdag 17 April 18:30 Nagmaal diens
- Vrydag 18 April 09:00 Goeie Vrydag diens
- Sondag 20 April 09:00 Paasfees erediens

Hierdie Groot Lydensweek bied die geleentheid om 'n groot impak op jou lewe te maak. Vir ons as geloof familie is Lydensweek nie net nog 'n week nie, maar juis dié week. Die week waarom ons hele geloof en verstaan van God draai.

In die kerksaal is daar 10 Lydensstasies opgestel. 'Stasies' verwys na die Latynse woord wat beteken om 'stil te staan by…' Ons wil jou uitnooi om te kom stil staan, nadink, bid en bewonder. Jy word as't ware uitgenooi om in die voetspore van Jesus te loop en die rede vir die viering van Paasfees te herontdek.

God ontmoet ons nie net deur dit wat ons sien nie, maar ook deur dit wat ons hoor. Maandag, Dinsdag en Woensdagoggend kan jy God ontmoet deur te kom luister na iemand wat pragtige orrelmusiek in die kerkgebou speel.

God ontmoet ons ook waar ons as geloof familie saamkom. Donderdagaand hou ons saam Nagmaal. Op Goeie Vrydag en Opstanding Sondag hou ons saam eredienste.

Jy is genooi! Kom met 'n oop en ontvanklike hart. Luister, oordink, onderskei, besluit en geniet dié week in ons jaar

**'n Gebed vir Lydenstyd (deur Jaco Thom)**
Dankie dat U ons Verlosser geword het.
Ons aanbid U, Here Jesus, Koning van die kerk en van ons lewens.
Wil U tog in hierdie dae opnuut Uself aan ons verbind;
wil U ons asseblief deur u Heilige Gees verander dat ons soos U kan word,
U kan navolg, onsself kan aflê.
Word U tog meer in ons, Here Jesus, sodat dit nie meer ons sal wees wat lewe nie, maar U in ons!

**<u>Maandag 14 April</u>**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**17:30 MUSIEK**
**18:00 GEMEENTEBEDIENING**

**<u>Woensdag 16 April</u>**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**<u>Donderdag 17 April</u>**
**18:30 NAGMAAL**

**<u>Vrydag 18 April</u>**
**09:00 GOEIE VRYDAG EREDIENS**

**<u>Sondag 20 April</u>**
**PAASFEES**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
- Dank die Here vir goeie reën oor groot dele van ons land. Bid vir hulle wat skade gely het a.g.v. die reën.
- Sy seën op die Groot Lydensweek.
- Jacques Theron se Pa, oom Japie en die familie na Jacques se skielike dood.
- Buddy van der Merwe, Veneto Keyter, Martin Devenish en Trevor Derbyshire beleef groot gesondheid uitdagings.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Bid saam met gelowiges in **Afghanistan** vir bonatuurlike beskerming en deursettingsvermoë om staande te bly te midde van vervolging.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**HULP BENODIG**

- Ons is opsoek na 'n groot mansfiets.

Indien jy kan help, kontak asb. die kerkkantoor.

**KERMIS 2025**

Die datum van ons kermis is verkeerd aangedui op die almanak. Ons kermis vind dv op Jeugdag, Maandag 16 Junie 2025, plaas.
Ons benodig sameroepers vir die volgende stalletjies:
Brekkie Buns
Hamburgers
Vleistafel
Indien jy kan help, kontak asb. vir Frans Stapelberg (082 773 6205)

**MTR SMIT KINDEROORD**

Ons as gemeente is betrokke by Huis 9 van die MTR Smit Kinderoord waar daar tans 13 dogters tussen die ouderdomme van 11 jaar tot 14 jaar oud woon. Indien jy 'n passie het vir kinders en 'n verskil in hierdie dogters se lewens wil maak, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of Linda Rossouw (082 402 4396) vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 13 April | George Friend, Tammy Ross, Marie Rothman, Ria van Heerden, PC van Rooyen en MG van Rooyen |
| 14 April | Schalk Burger, Emma de Wit, Johan Harmse en Annel Otto |
| 15 April | Melissa Kleinhans, Sarie Lahoud, Hanru Theron en Peter Williams |
| 16 April | Elize de Vos en Corrie van Deventer |
| 17 April | Maritha Els, Teneal Els, Hennie Greeff, Dirk Human, JJ Jordaan, Amelia Meiring, Michelle Simon en Jan Strydom |
| 18 April | Else-Maré Els en Pieter Joubert |
| 19 April | Maryke de Lange, Sakkie Potgieter, Tyli van Niekerk en Rudi van Niekerk |

***Ons wens Sarie Lahoud baie geluk met haar 90ste verjaarsdag op Dinsdag 15 April.***

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan